Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Leeu raak haastig, want die son drink water en sy maag begin skree. Melk en heuning is darem nie ŉ dierkoning se kos nie.
> Nou moet hulle net aanvat. Bobbejaan kry ŉ sekelstert. Dassie en Mol kry twee lang dunnes, maar hulle wil dit nie hê nie en gaan dit skelmpies begrawe. Toe het hulle niks nie.
> Boerbok kry ŉ baard, en toe sy vrou haar oë uitvee, het sy ook ene. Die diere lag stilletjies, maar koning Leeu druk deur. "Volgende! Volgende!" sê hy.

7.7 Waarom lag die diere vir Boerbok se vrou se geskenk? (1)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.8) en die letter (A–D) neer.

In hierdie verhaal lees ons: "**... die son drink water ...** "
Hierdie aanhaling is ŉ voorbeeld van ...

A kontras.
B personifikasie.
C ŉ metafoor.
D ŉ simbool. (1)

7.9 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die dierekarakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.9.1–7.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.9.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.9.1 | Koei | A | ... het die laventelpotjie op hom uitgesmyt. |
| 7.9.2 | Jakkals | B | ... was die enigste dier wat kon tjank. |
| 7.9.3 | Slang | C | ... moes elke dag ordentlik aantrek. |
| 7.9.4 | Muishond | D | ... het geen geskenk gekry nie. |
| | | E | ... het die kalbas met veldmedisyne gesteel. |

(4 x 1) (4)

7.10 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (7.10) en die letters (A–D) neer.

A Leeu het begin geskenke uitdeel.
B Daar het 'n tjank en 'n lag oorgebly.
C Leeu het moedeloos gevoel, want die diere was ongeskik.
D Die diere het vir die partytjie opgedaag. (4)

7.11 Waaroor het padda en sy broers gekla? (1)

7.12 Dink jy die diere was tevrede nadat Leeu vir hulle geskenke gegee het? Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van die verhaal?

A Wees dankbaar vir die geskenk wat jy kry.
B Spog oor jou geskenk by ander mense.
C Sorg dat jy die beste geskenk kry.
D Vra vir meer as een geskenk. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: *DIE TOWERSAK* – Corlia Fourie**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Eers het haar ma daaroor gehuil, maar omdat sy geweet het dis wat haar dogter wil doen, het sy na ŉ muti-vrou gegaan.<br>Eenkeer lank, lank gelede het sy die muti-vrou se oorpyn laat weggaan deur sap van botterblomblare met water te meng en in die oor te drup.<br>***<br>Die muti-vrou luister mooi. Sy dink diep en toe gaan haal sy ŉ velsakkie agter uit haar hut. |

8.1 Waarom het die meisie se ma gehuil? (1)

8.2 Hou jy van die meisie se ma?
Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

8.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.3) en die letter (A–D) neer.

Die meisie het haar hand die eerste keer in die sak gesteek toe ...

A die vyande hulle aangeval het.
B die meisie en die jong man honger was.
C die buffel die meisie aangeval het.
D die jong man baie dors was. (1)

8.4 Waarom was die meisie *bly* oor die jongman se geselskap? (1)

8.5 Die meisie het die sakkie vol klippe gepak.

8.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.5.1. (1)

8.6 Waarom moes die meisie nie in die sakkie gekyk het nie? (1)

8.7 Waaroor het die jongman gekerm? (1)

8.8 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die karakters in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.8.1–8.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.8.1 | Die jong man | A | ... het gesê dat die meisie kon loop waar sy wil. |
| 8.8.2 | Die dorp se mense | B | ... het gesê dat die meisie nooit die sakkie mag oopmaak nie. |
| 8.8.3 | Die pa | C | ... het gedink daar was min meisies wat hulle geheime sou deel. |
| 8.8.4 | Die krygsmanne | D | ... het die meisie baie hard op die lande laat werk. |
| | | E | ... het van die meisie se stories gehou en vir haar kos gegee. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Oplaas kan sy dit nie meer uithou nie. Sy maak die sakkie oop en skud dit op die grond uit. Daar's niks nie. Heeltemal niks nie. Hy neem dit by haar, dop dit binnestebuite en bekyk dit. Hy krap selfs met sy vingers teen die vel soos 'n bobbejaan wat vlooie soek by sy maat. Maar nee, hy kry niks nie.
"Is jy nou tevrede?" vra sy. "Soos jy kan sien, werk die sakkie net as jy regtig iets nodig het." Hulle stap in stilte aan.

8.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (8.9) en die letters (A–D) neer.

A Haar storiesak was leeg, heeltemal leeg.
B Haar ma het vir haar 'n sakkie gegee.
C Die meisie wou die wêreld leer ken.
D Die meisie het haar geheime gedeel. (4)

8.10 Waarom kon die meisie nie meer nuwe stories uitdink nie? (1)

